

Skriflesing: Psalm 4Teks: **Psalm 4:9****Sing- VOORAF SANG: Ps. 118:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 104:1,10,14; Ps. 40:4; Ps. 102:1,4; Ps. 4:2,4; Ps. 9:5,12,15****Psalm 4****Psa 4:1** Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. 'n Psalm van Dawid.**Psa 4:2** As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!**Psa 4:3** o Manne, hoe lank sal my eer tot skande wees? Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek? Sela.**Psa 4:4** Weet tog dat die HERE vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep.**Psa 4:5** Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil. Sela.**Psa 4:6** Offer offerandes van geregtigheid en vertrou op die HERE.**Psa 4:7** Baie sê: Wie sal ons die goeie laat sien? Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE!**Psa 4:8** Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is.**Psa 4:9** Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want **U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.****Skriflesing:** Psalm 4Teks: **Psalm 4:9****Sing- VOORAF SANG: Ps. 118:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 104:1,10,14; Ps. 40:4; Ps. 102:1,4; Ps. 4:2,4; Ps. 9:5,12,15**

Broeder en suster, verlede Sondag was ons by wat genoem word, 'n môrelied. Vandag is ons by die Psalm wat genoem word, 'n aandlied. Tog sal ons gou agterkom dit gaan om baie meer as net 'n aandlied. Dit moet ook vir ons word 'n lewenslied. In die Psalm word daar nie alleen gesmag na goeie nagrus nie, maar ook na lewensrus. In die Psalm is die Sabbat-gedagte soos wat ons iets daarvan al in Psalm 3 kon optel, ook weer ter sprake. Om jou rus in die Here te vind.

Psalm 4 bied egter nog baie meer. Hier kom ook 'n besondere vertroue in die Here na vore. Kyk veral na die eerste drie verse. Daarna, vanaf vv 4-5 handel dit oor 'n roeping wat ons nie ligtelik mag opneem nie. Die Psalm eindig vanaf vv 6-8 met 'n belydenis wat soveel troos en sekerheid bied.

Wanneer dit gaan om Dawid se vertroue in die Here dan stel ons onself voor 'n dag waarop hy dit deur die dag ook baie swaar gehad het. Dit word nou donker en vir hulle wat swaarkry is die nag gewoonlik nog donkerder. Dit wil lyk die Psalm is onder dieselfde omstandighede as Psalm 3 geskrywe. Dawid se seun Absalom soek om sy pa dood te maak. Dit is 'n sware stryd, sware ontvlugting, sware gedagtes wat na hom kom in die wete my kind en sy duisende meelopers soek

om my te vervolg, om my dood te maak. Al die onstuimige gebeure wat oor die dag na hom gekom het, wil hy in hierdie aandure in vertroue na die Here toe bring.

Nou is dit so aangrypend as die donkerte van 'n nuwe nag op Dawid wag, hoe hy die digte sluier van 'n donker nag wat ook oor sy hart kan kruip, van hom oplik. As ek dan nie op die Here vertrou nie, op Wie anders kan ek vertrou. Dan besef ons Dawid se vertroue is nie uit die lug gegryp nie. Die God op Wie Hy vertrou noem hy *o God van my geregtigheid*. Geregtigheid (die Hebreuse *sedeq*) is so 'n ryke en sterk term. Dit gaan oor God se konstante en absolute regering. God is Self die maatstaf van wat reg is en by God is die hoogste reg. Geen reg is daar wat God se reg aan gemeet kan word nie. Geregtigheid impliseer ook daar is 'n verhouding wat reg moet wees. Geregtigheid impliseer immers 'n verhouding.

As Dawid dan in 'n dialoog, of ons kan dit ook noem in 'n gesprek met God tree en hy noem God, die God van my geregtigheid, dan sê hy daarmee saam, God sal sy verbond met my nie verbreek nie. Die verbond van God se kant is reg. God is tegelyk my Regter en my Verlosser, dis hoe wonderlik die God na Wie Dawid roep, aangeroep kan word. Geliefdes, kan u dit saam met my aanvoel, hierdie absolute vertroue waarmee Dawid dan met die Here mag praat. God sal my hoor as ek praat. Daarom dat hy dit ook reguit mag vra- *As ek roep, verhoor my ...*

Dan is Dawid in sy vertroue en sekerheid nog dieper geraak as hy vir die Here sê ... *In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!* Die '83-Vertl stel dit gewoon- *Toe ek in die nood was, het U my bevry. Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!* So kan Dawid uit die verlede ook moed skep vir die hede. Dis altyd wonderlik as ons dit kan doen. Die gedagte van toe ek benoud was, het God vir my ruimte gemaak. Die Hebreus vir benoudheid dra die kern van ek was vasgekeer of vasgebind. Dit is soos wanneer 'n weermag my van alle kante omring, maar God het dit wat die benoudheid veroorsaak het, eenvoudig net vir my weggeneem. Omdat God dit in die verlede gedoen het, kan hy mos in vertroue weer daarvoor gevra word. Dawid huiwer nie om God daaraan te herinner dat toe God lank terug vir my in my benoudheid goed was, toe Hy vir my ruimte gemaak het, ek Hom mos weer daarvoor kan vra nie.

As daar in sulke vertrouwe gehandel kan word, dan sluit dit in wat vv 4-5 ons ook mee oproep. Dit word 'n roeping om ander mense in hulle vyandskap aan te spreek. Dawid huiwer nie om vir hulle wat hom so bestry, sy seun daarby ingesluit, te laat verstaan julle moet ophou met waarmee julle besig is- Ek vertrou op die Here, my verlede en hede wys dit, maar julle manne in vv 3-4 laat ek direk met julle praat - *o Manne, hoe lank sal my eer tot skande wees? Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek?... Weet tog dat die HERE vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep.* Steeds hoor ons 'n besondere sekerheid en vastigheid; dit alleen omdat God die God van die geregtigheid is.

Geliefdes, laat ons dit ook vandag vir mekaar sê. Daar mag vir jou niks groter in hierdie lewe wees as die vaste oortuiging dat jy 'n geroepene van God is nie. Geen oorlog, geen vernedering, geen nederlaag, geen hartseer, dit wat jy dalk ook al moes deurgaen, niks maar niks, kan in die plek kom van God het sy hand op jou gesit. Jy wat mag glo God het my afgesonder, jy is vir Hom 'n gunsgenoot. God se geregtigheid word vir Dawid die regverdiging om sulke sterk uitsprake te maak. Daarom dat hy ook hierdie oproep kan laat hoor, dit wat vir hom 'n roeping word. Waar hy dit in vers 2 nog gevra het, dat God hom moet hoor, nou sê hy dit met sekerheid. Dawid wat dit duidelik wil maak, God het my afgesonder, Hy het my eenkant gesit en daarom dat God my roepstem hoor- *die HERE hoor as ek Hom aanroep.*

Daarom is ons roeping vandag om ook waarlik op die HERE te vertrou. As ek 'n sware nag moet ingaan en ons weet daar is sulke swaar nagte. Doen wat vers 5 sê: *Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil ...* Die 1983 Vertl stel dit dalk nog mooier- *As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daarvoor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!* As Dawid sy woede en ontsteltenis hier by name aanspreek dan is ons nie anders as hy nie. Ons weet hoe dikwels is sulke opgekropte woede dit wat 'n goeie nagrus wegneem. Laat dit wat jou so ontstel aan die Here oor en dan doen jy nog meer. In die stil wees tot die Here laat jy God se Woord, God se waarheid, God se wil jou binneste vul. In die woorde wees stil sit in die Hebreeus ook die betekenis van bedink jouself, heroorweeg noukeurig dit wat jou so kan ontstel. In die stil wees is die bedoeling God sal met jou praat. God sal jou dan ook die weg wys. Ons vertrou op die Here is wat weer die toon sal aangee. Offer jy net offerandes van geregtigheid, dit wat vers 6 van ons eis. Bedoelende God moet geprys word in wat Hy alleen

geëer moet word. Ons offer van geregtigheid kan in die Nuwe Testament nie iets anders wees as die offer wat ons in Heb. 13 vers 15 van lees nie. *15 Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.*

Geliefdes, as ons dan die laaste van die Psalm na ons laat kom dan word die groot vraag wat ons belydend vóór die Here maar ook vóór mekaar mag vra wat is diedinge wat jou en my gelukkig maak. Dawid se belydenis in die Psalm is merkwaardig 'n einde in blydskap al lê die donker nag nog voor hom. Is dit nie wonderlik as ons dit saam met Dawid sal kan sê - *Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is.* Die ding van vreugde is mos 'n snaakse ding. As iemand dink ek moet na vreugde soek en ek sal vreugde vind dan kan jy dalk baie lank soek. Vreugde is in 'n sekere sin 'n neweproduk wat in vers 7 alleen sy oorsprong kan vind. Daar word vir die Here gevra - *Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE!* Wanneer God sy lig oor ons laat skyn m.a.w. God is vir my goed en ek beleef God se teenwoordigheid op so 'n wyse wat die Here hier by my nie maar 'n teoretiese of gemaakte napraat uit boeke is nie, maar ek staan werklik in 'n lewende verhouding met die lewende God dan word jou donkerste nag skielik iets van vreugde wat God alleen my kan skenk.

Dan is die digter se geheim nie 'n slaappil wat die dokter voorskryf nie, maar heel eenvoudig die laaste woorde in die Psalm wat ons as samevattende teks ook gekies het- *U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.* Daar kom meer van die Sabbat in die mens as jy Psalm 4 jou slaapkamer mee vul. Daar kom rus in die moegheid, daar kom kalmte in die angs, bevryding in die nood, redding in die benoudheid. Die Psalm maak as't ware my bedompige slaapkamer se vensters oop.

Ten diepste mag ek my heelyd die vraag afvra- wat is die dinge wat my nog gelukkig kan maak ... Daar kom 'n heerlike vars windjie die vensters ingewaai, so kan ek weer my longe voltrek van wat God se genade in my lewe laat inwaai. My bed word nou baie meer as net iets om op te slaap. In plaas van dat daar sulke swaar sorge saam met jou op jou bed klim is daar nou besondere gedagtes oor God. Watter wonderlike raad wil die Heilige Gees ons ook vandag gee, ook as ons vanaand weer gaan slaap en so kan dit wees elke aand- *spreek in julle hart op julle bed, en wees stil ...*

Mag jou stil gedagtes dan ook wees ek kan my vreugde in die Here vind. In die Here en in sy beloftes wat in Christus waar en reg is, daarin lê ons diepste vreugde. In Christus se werk en in wat Hy klaar vir ons gedoen het dit kan word die sagte kussing vir jou nagrus. Die Heilige Gees het as't ware klaar jou kussing reggeskuif. Laat alleen jou kop daarop rus ... Brood en drank, werk en sukses, grade na grade, familie en baie besittings mag dalk bydraend wees tot aardse geluk maar ten diepste kan niks hiervan op sigself vir Dawid so in sy wag om te slaap gelukkig maak nie. As die hartseer vir my te veel word, ek beleef teleurstelling na teleurstelling, my mislukkings voel vir my baie meer as my suksesse, weet u dit maak jouself nie 'n mislukking nie. In alles is daar maar net een ding wat werklik saakmaak en wat nooit kan verander nie. Dit is wat God jou wil skenk en in sy beloftes is daar 'n 100% waarborg van tevrede wees en gelukkig wees wat ook jou onrus en jou angs kan laat verdwyn.

Weet dat die Here hoor jou, roep na Hom en Hy hoor jou. Dis jou waarborg ongeag jou eie gevoelens, jou bittere hartseer – vers 4 bly onder alle omstandighede geld- *Die HERE hoor as ek na Hom roep*. Deur Christus is jy God se kind. Dit is nie iets wat nog moet gebeur nie – Christus wil deur sy Gees jou ook vandag maar ook vanaand daar in jou bed dit laat glo - *Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon*.

AMEN

Sondag 5

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word. Daarom moet ons of deur onself of deur 'n ander ten volle betaal

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie. Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.

Skriflesing: Mattheus 5:7-12

Mat 7:7 Bid, en vir julle sal gegee word; **soek, en julle sal vind**; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

Mat 7:8 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

Mat 7:9 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee;

Mat 7:10 en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee?

Mat 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om goeie gewes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Mat 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.

Geliefdes- Uit Sondag 5 is dit 'n vraag na betaal...betaal, betaal! Daar moet betaal word, want is daar twee baie belangrike sake wat hierdie betaling vereis- God se geregtigheid en V/A 13 gaan om ons skuld. Geregtigheid en skuld moet voor betaal word.

Broeders em susters - Die gedeelte wat Sondag 5 ons mee inlei is dat die mens 'n soekende mens geword het. 'n Soeke na verlossing, 'n soeke na 'n Verlosser is waaroor dit in Sondag 5 oor handel. Nou kan ons hierdie soeke wel ook met 'n wonderlike troos begin. Die Kategismus wat in alles altyd 'n troosboek wil wees. Die troos wat ons uit God se Woord kan haal is dat wie soek sal vind. Die troos begin nog vroeër. Wie bid, vir hulle sal gegee word en ja ons soekende troos word 'n klop aan die deur van jou kerklike hart, wie klop vir hom sal oopgemaak word. God sal altyd sorg dat daar waar 'n soeker is daar 'n ware Kerk ook sal wees. 'n Kerklike deur wat vir jou oopgemaak sal word.

Tog moet ons die laaste vraag in Sondag 4 ook nie vergeet nie. Daar word gevra- **Is God dan nie ook barmhartig nie?** Die antwoord is 'n klinkende ja, maar God se regverdigheid gaan in 'n sekere sin sy barmhartigheid vooraf. God se regverdigheid eis dat die sonde wat teen sy Allerhoogste majesteit gedoen is, gestraf moet word, ja met die swaarste straf na liggaam en siel, dit moes 'n ewige straf wees.

En dit is presies waarmee Sondag 5 worstel. God se reg, God se regverdigheid, die feit dat God sal straf. Moet nie God se barmhartigheid wil soek voordat jy nie God se geregtigheid gevind het nie, is waar dit alles op neerkom. En nou is Sondag 5 in die soeke na God se geregtigheid hard besig, wel op 'n omslagtige wyse. Ja, daar is veral drie woord waarmee ons in Sondag 5 ons soeke na 'n middelaar of 'n verlosser moet rig. Dit gaan oor die woorde geregtigheid, dit gaan ook oor die woord skuld en dan direk hiermee saam oor die woord betaal. Geregtigheid wat gesoek moet word, skuld wat erken moet word, 'n prys wat betaal moes word.

Geregtigheid is die eerste absolute ononderhandelbare voorvereiste- Aan God se geregtigheid moet voldoen word. Dawid het reeds in Psalm 4 God ook so genoem- Die God van my geregtigheid ... As God nie teenoor Homself regverdig is nie, hoe op aarde sou Hy dit teenoor Dawid kon wees. Dit sou dan ondenkbaar wees dat Dawid sy God ook die God van my geregtigheid kan noem. Daar kan, daar mag nie eers daarvoor geredeneer word nie! Die Here wat 100% aan sy Woord gebind is. God is die onveranderlike! God is 100% getrou aan sy verbond. Die Here sal in alles, ook in die nakoming van sy reg op geen manier, gestel net met 99% tevrede kan wees nie, want dan is Hyself daardie 1% aan sy eie Woord ontrou.

Dit is waarom Psalm 4 so 'n gelukkige einde kon hê. Alleen omdat God so 100% betroubaar is. Daar is niemand so getrou soos Hy nie. Dis waarom daar werklik vir ons iets soos 'n rustige en goeie nagrus kan bestaan. Die Kategismus wil dit ons hoegenaamd nie ontnem nie! Tog moet ons geen illusies hê oor hoe heilig God is en hoe ernstig God is oor die geregtigheid waaraan voldoen moet word nie. Dit wat na gesoek moet word. Hierdie soeke veronderstel natuurlik 'n teenvraag-

Is daar enige manier om van God se geregtigheid jouself los te maak? Die vraag word eintlik nog beter ingekleur ... kyk veral ook na die woordjie ons. Kyk weer na vaag 12 se vraag ...

Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Die Kategismus antwoord hierdie *ons* wat moet luister - U en ek kan ons op geen manier van God se geregtigheid losmaak nie. Dit moet baie goed verstaan word en dit is waarom die belydenis hieroor baie omslagtig raak- Aan God se geregtigheid moet voldoen word. Ja, daar moet betaal word. Of deur onself, of deur 'n ander.

En dan kom die vraag- **Kan ons werklik vir onself betaal-** Die antwoord hoef ons nie te verras nie. Die een wat Sondag 1 tot 4 ernstig opgeneem het, sal dit dadelik besef- Ek kan nie vir myself betaal nie, ek die ellendige ek, die een wat in sonde ontvang en in skuld gebore is, die een wat van nature geneig is om God en my naaste te haat. Dit bevestig alles die antwoord in vraag 13- ek kan nie vir myself betaal nie, want dis duidelik ek maak my skuld elke dag nog meer. Uit

myself sou dit van my afhang raak ek in my mens-wees al hoe vêrder van my verlossing verwyderd. Dit is geen manier waarop ek vir my skuld sou kon betaal nie. Kan enige van die geskape dinge, of anders gestel, kan enige ander skepsel vir ons betaal? Die antwoord is weereens net so 'n dawerende nee! Dit is eintlik 'n tweeledige nee! Hoe kan die mens wat gesondig het, sy skuld op enige ander skepsel wil laai. God wil ook geen skepsel straf oor die skuld wat die mens gemaak het nie. Dit sou nie reg wees nie en waar iets nie reg is nie kan daar ook nie geregtigheid wees nie. Dit wat direk hiermee saamgaan, daar is in alle geval geen gewone skepsel, wat die ewige toorn van God teen die sonde kan dra nie. God se toorn in sy verskrikking en erns is eenvoudig te swaar vir enige gewone mens of gedierte om dit te kan dra en dan te dink dit is die verlossing waarna ek soek. Dit kan dit nie wees nie!

Selfs kon 'n engel ook nie vir ons betaal nie. Die eenvoudige rede is weereens hoe kan God die engele wil straf vir die sonde wat die mens gedoen het. As God dit sou doen dan sou dit geen geregtigheid wees nie, want dit is eenvoudig nie reg om engele of 'n engel te straf vir die sonde wat die mens gedoen het nie. By die mens self, by die diere, by die engele kan daar nie na 'n verlosser gesoek word nie. Die feit is die skuld is te groot en die sonde te swaar en die straf is in alle geval te verskriklik om te dink iets op hierdie aarde sou hierdie verskriklike straf kon dra. Daar is niks op aarde wat dit sou kon dra nie. Hoe hard daar ook gesoek mag word, ons sal geen gewone mens of dier of selfs engel op aarde kon vind wat hierdie verskriklike straf sou kon dra nie.

Sondag 5 se laaste vraag is wel al 'n baie nader beweeg om wel 'n Verlosser te vind. Wie soek sal vind is wat God se Woord ons ook laat hoor het. Vraag 15 gee 'n groot tree baie nader aan 'n antwoord, dit is 'n klop aan die deur van verlossing as daar duidelik gevra word aan watter vereistes moet die verlosser dan voldoen? **Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?** Die antwoord is weereens baie duidelik, maar ook baie ryk. Eintlik werk die hele Sondag 6 vêrder aan hierdie vraag ... Ons verlosser (of eerder moet ons hier nog praat van ons middelaar), die een wat tussen ons en God moet kom staan, Hy moes die skuld op Hom neem, Hy moes aan die reg voldoen, Hy moes die prys betaal. dit is die groot sake wat ons Middelaar op Hom moes neem. Hy wat presies weet waaraan Hy moes voldoen, Hy wat ware God is, volkome God, in alles God, maar wat tegelyk 'n ware mens moes wees. 'n Mens soos ons, maar sonder sonde,

m.a.w. Hy moes 'n regverdige mens wees, wat nie een van ons uit onself kan wees nie. In Sondag 5 word daar net nog gesinspeel op hoe die Middelaar van ons vryheid, die Middelaar van ons verlossing sal moet wees. Jesus se Naam word nog glad nie genoem nie. Dit wat ons volgende keer by Sondag 6 by mag kom is om nog nader ons verlossing maar by name ook ons Verlosser te mag bely. Hy wat net Een kan wees, ons Here Jesus Christus.

AMEN